

BEVOEGHEID OM 'N BOERDERY TE KAN BESTUUR

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN

INLEIDING

Daar was baie kritiek uitgespreek oor die bepalings van die nuwe Wapenwet. Hierdie wet reguleer die besit en gebruik van 'n vuurwapen. Dit bepaal onder andere dat 'n persoon 'n vaardigheidstoets moet aflê om te kan vasstel of hy vertrouwd is met die wetsaspekte van hoe en wanneer 'n vuurwapen gebruik kan word. Na aflegging van die vaardigheidstoets word daar ook 'n bevoegdheidsertifikaat aan die persoon uitgereik om te bepaal of hy nie gedragsafwykings het wat dalk tot gevolg sal hê dat hy 'n vuurwapen vir die verkeerde redes (selfmoord, moord, roof, ens) sal gebruik nie.

Ten spyte van 'n paar inperkings wat die huidige wet teenoor vorige wetgewing ten opsigte van vuurwapens het, moet daar tog krediet gegee word vir die feit dat 'n persoon onder die nuwe wetgewing teoreties en prakties deeglik opgelei word om 'n wapen te kan gebruik. Dit behoort dus die roekelose en nalatige gebruik van vuurwapens te beperk waarby onskuldige omstanders gedood of beseer kan word.

Dit sou nie 'n slegte idee gewees het as daar wetgewing in plek was om die roekelose en nalatige gebruik van 'n besigheid te beperk nie. Baie mense plons met 'n skeidingspakket in 'n besigheid in sonder om werklik opgelei te wees in wat die bedryf van 'n besigheid behels. Baie boerseuntjies word van kleins af gekondisioneer om eendag die boerdery by pa oor te neem, min wetende dat die bestuur van 'n boedery aan baie meer geskrewe wetgewing en verskeie ongeskrewe reëls onderworpe is as wat die geval met die besit van 'n vuurwapen is. Boerdery, as 'n besigheid, gaan dus oor meer vaardighede as perdry, koeimelk, windbuksskiet en skaaprekkies aansit. 'n Persoon wat nie op hoogte is met al die wetgewing en reëls wat op 'n boerdery van toepassing is nie, is beslis nie vaardig of geskik om te kan boer nie en hou 'n gevaar vir die persone in waarmee hy handel dryf, vir wie hy werk gee en by wie hy sy finansiering bekom. Dit sou dus ideaal wees om iemand te verbied om te mag boer alvorens hy oor 'n vaardigheidsertifikaat vir boerdery beskik.

Ongelukkig bestaan daar nie wetgewing wat 'n vaardigheidsertifikaat vir boerdery afdwing nie en kan enigeen begin boer wat 'n plaas tot sy beskikking het. In die komende reeks artikels sal daar dus gepoog word om daardie aspekte aan te raak wat van kardinale belang vir die bedryf van 'n boerdery is.

Wetgewing

Verskeie wette is direk of indirek van toepassing op 'n boerdery. Hoewel die boer nie 'n prokureur moet wees om dit op sy boerdery toe te pas nie, behoort hy bewus te wees van al die wette en ten minste te weet op watter aspek van sy boerdery dit betrekking het. 'n Redelik volledige lys van wette volgens hulle volle engelse titels, wat op 'n normale boerdery van toepassing is, verskyn vervolgens:

Arbitration Act No. 42 of 1965

Basic Conditions of Employment No. 75 of 1997

Closed Corporations Act No. 69 of 1984

Companies Act No. 61 of 1973

Compensation for Occupational Injuries and Health Diseases Act No. 130 of 1993

Consumer Affairs (Unfair Business Practices) Act No. 71 of 1988
Credit Agreements Act No. 75 of 1980
Employment Equity Act No. 55 of 1998
Finance Act No. 35 of 2000
Harmful Business Practices Act No. 23 of 1999
Income Tax Act No. 95 of 1967
Intellectual Property Laws Amendments Act No. 38 of 1997
Labour Relations Act No. 66 of 1995
Occupational Health & Safety Act No. 85 of 1993
Promotion of Access to Information Act, 2000
Regional Services Councils Act No. 109 of 1985
Skills Development Levies Act No. 9 of 1999
Skills Development Act No. 97 of 1998
Stamp Duties Act No. 77 of 1968
Tax on Retirement Funds Act No. 38 of 1996
Trade Marks Act No. 194 of 1993
Unemployment Contributions Act No. 4 of 2002
Unemployment Insurance Act No. 63 of 2001
Value Added Tax Act No. 89 of 1991

‘n Wet is ‘n wet en die bepalings daarvan is afdwingbaar. Die meeste landsburgers is nie wetsgeleerdes nie maar weet tog wanneer hulle ‘n wet oortree. Die boer het dus nie ‘n verskoning waarom hy nie die wette wat op sy boerdery van toepassing is, uitvoer nie.

Registrasies

Voordat daar met ‘n besigheid begin kan word, is dit ook nodig om in gevolge sekere wetgewing ook by verskeie instellings te registreer. Sommige van hierdie registrasies vind op ‘n nasionale grondslag plaas terwyl ander op ‘n streeksgrondslag gedoen moet word. Sommige registrasies is ook van toepassing op die tipe besigheid wat bedryf word. In die algemeen moet ‘n boerdery by die volgende instansies geregistreer wees:

- SARS as belastingpligtige, BTW (indien omset bo R300,000 per jaar is) en as werkgewer as daar belastingpligtige werknemers in diens van die boerdery is;
- Streeksdiensteraad;
- Werkloosheidsversekeringsfonds;
- Ongevallekommissaris;
- Handleiding by menseregtekommissie;
- Registrateur van Maatskappye/Beslote korporasies (indien dit ‘n maatskappy of BK is);
- Meester van die Hoogeregshof (indien dit ‘n trust is).

Rekordhouding

In die geval van ‘n besigheid moet daar ook rekord van sekere dokumente gehou word wat uit ‘n wetsoogpunt noodsaaklik vir die opstel van belastingopgawes is. Dit sluit inkomstebelasting en BTW in. In die geval van maatskappye en beslote korporasies is dit in gevolge hulle betrokke wetgewing ook verpligtend om finansiële state beskikbaar te hê. Daar bestaan nie voorskrifte oor watter stelsel gebruik moet word nie maar die rekords moet alle inkomste en uitgawes wat op die belastingopgawes verskyn kan weergee en bevestig. Verder moet die rekords ook inligting bevat oor die bates en laste van die besigheid.

Brondokumente moet ordelik geliasseer word en in 'n veilige plek bewaar word. Dit moet ook beskikbaar wees wanneer SARS 'n inspeksie vir die bevestiging van belastingopgawes uitvoer.

Slotsom

Dit lyk op die oog af maklik om 'n besigheid te bedryf. Daar is egter 'n mynveld van wetlike verpligtinge waaraan die eenaar moet voldoen en daar is 'n sterk argument daarvoor uit te maak dat die besigheidsektor in Suid-Afrika oorgereguleer is. Dit beteken egter nie dat die wetlike verpligtinge nie nagekom hoef te word nie. Aan elkeen van hierdie verpligtinge is daar boetes en selfs tronkstraf gekoppel en as die boer nie bewus is van sy pligte nie, is hy uit 'n vaardigheids oogpunt nie geskik om 'n besigheid te kan bedryf nie.

BETHLEHEM
September 2005